# ONDER DIE BLAREDAK

## VERWONDERD OOR DIE GAWE OM TE KAN GLO



40 Dae Werkboek

strooidak
ons vat hande

**STROOIDAK 40 DAE 2023**
**“VERWONDERD OOR DIE GAWE OM TE KAN GLO”**

ONDER DIE BLAREDAK
Deur Andries Cilliers.

# WEEK 1.

## Inleiding.

## WAAROM GLO JY?

Vriende, ek wens ek kon weet wat jou antwoord is. Miskien glo jy net en het hierdie vraag nog nooit eers by jou opgekom nie.

Of miskien is jy daar waar baie gelowiges is: gelowig maar met baie vrae en onsekerhede. Of miskien glo jy, maar daar is mense vir wie jy baie lief is, wie net nie meer glo nie. Dit vat aan jou hart en jy weet nie mooi hoe om met hulle daaroor te gesels nie.

Die dae toe geloof so min of meer vanselfsprekend was, toe jy kon aanvaar jou familie en vriende glo soos jy, is verby. Jy sal moet vrede maak daarmee dat sommige vriende en familie nie meer glo soos jy nie en daarom is dit die moeite werd om saam te reis oor hierdie relevante onderwerp.

Ons gaan hierdie week begin deur **na te dink oor wat geloof is**.

Dan in week twee gaan ons met verwondering sê: **Ek glo omdat daar iets is en nie niks nie**.

Wanneer ons by week drie kom, gaan ons sien dat **ek glo omdat daar orde is**.

In week vier gaan ons stilstaan by die tema: **Ek glo omdat daar reg en verkeerd is**.

Tydens ons reis, gaan ons in week vyf kyk na die tema: **Ek glo omdat daar genade is**.

In week ses gaan ons sê: “**Ons glo omdat daar waarheid is.**”

Dan sluit ons ons geloofsreis af in week sewe met: **Ek glo omdat daar skoonheid is**.

**Werkswyse**

Ons begin elke week met die erediens en op daardie spesifieke Sondag gaan ’n predikant preek oor die week se onderwerp.

Dan trap ons die onderwerp deur in ons kleingroepe en dan word dieselfde onderwerp op Donderdagaande in die kerk saam met ’n paneel hanteer. Daar kan jy saampraat en ook jou diepste vrae en onderwerpe met die paneel deel.

## EK GLO....

***Vriende deel bietjie met jou groep of jy ten eerste nog glo en ten tweede wat is die kern van jou geloof.***

Vriende daar is baie strominge oor geloof en die mense wie nie meer glo nie, het veral die volgende besware oor geloof:

- Geloof en godsdiens is niks meer as sosiale kondisionering nie. (Ek is ’n Christen omdat my ouers Christene is en aangesien ek in ’n Chrsitenland grootgeword het. Indien ek in ’n Moslemland grootgeword het, was ek heel waarskynlik ’n Moslem.)
- Geloof word gebore uit vrees. (Ons glo omdat ons die lewe vrees en hierdie god help ons om minder bang te wees en om eendag darem ’n plek te hê om heen te gaan as ons sterf.)
- Geloof en godsdiens gaan eintlik oor mag. ( As ek die baas is en mense weet die Grootbaas het my baas gemaak, dan koop en vat hulle my woord meer ernstig op. )
- Godsdiens en geloof is eintlik ’n bedrogspul. ( Baie mense wie nie glo nie, kan nie verstaan hoe sommige “liggelowiges” nie deur die bedrogspul kan kyk en nie die “blygemaakte” pastoortjies wie vir hulle geld vra, kan uitvang nie.
- Godsdiens is net ’n neweproduk van menslike evolusie. (Dalk het die mens, in ons ontwikkeling, godsdiens self nodig gehad vir oorlewing. Dalk het godsdiens mense in groter groepe laat saamwerk toe dit nog nodig was vir oorlewing.)
- Jy kan die wortel van geloof soek in die mens se onderbewuste. (Ons behoefte aan ’n Vaderfiguur, of ons swak eiewaarde laat ons iewers behoort en laat ons van waarde voel. Ons kan ook eensaam wees en nou klou ons aan ons geloofsfamilie vas.)
- Geloof en godsdiens is ’n voor-wetenskaplike poging om die werklikheid te verklaar. (Nou dat ons die wetenskap het, het ons nie meer ’n behoefte aan geloof nie, behalwe vir die paar oningeligtes onder ons.)

***Vriende, deel bietjie met die groep jou gedagtes aangaande die bogemelde stellings.***

Vriende, geloof is verweef met menswees. Om te glo is ’n menslike entiteit en daarom is daar ook van die bogemelde in ons menslike geloof aanwesig. Geloof is nie ’n ornament wat van geslag tot geslag geërf word en wat in ’n glaskas gebêre word nie.Die manier waarop ek grootgemaak is en die gemeenskap waarbinne ek grootgeword het, is ’n wortel van my geloof maar dit is nie die enigste wortel nie. Vriende, die feit dat iets soos geloof my troos of moed gee, beteken tog nie dat dit per definiesie ook onwaar is nie.

Maar, ek reageer op die lewe en probeer die lewe verstaan. Geloof is daarom deel van die bovermelde, maar dit is seer seker meer as dit. Geloof voel nie vir my na mental illness nie. **Dit voel eerder vir my na lewe....en dit in oorvloed**.

## EK GLO

## GELOOF IS OM GOD TE KEN

Vriende, geloof is ook kennis. Kennis is om konneksies te maak. Dit is om jou plek in die verweefdheid van alle dinge te probeer begryp. Daarom is egte kennis baie meer konneksies as mag. God is daarom nie ’n objek wat ons bestudeer, ’n probleem wat ons ontrafel nie. God is die groot geheimenis waarmee ons verbind is op maniere ons nie kan deurgrond nie, die geheimenis wat ons leer ken binne daardie verbintenisse. Ons ken God deur lief te hê.

## GELOOF IS OM GOD TE VERTROU.

Vertroue is ’n diep ervaring van veiligheid, ’n gevoel wat nie net in my kop lê nie, maar in my hele menswees, ook in my liggaam. Daarom is geloof ook om veilig te voel by God.

## GELOOF IS OM VEILIG TE VOEL BY GOD. Wat is veiligheid?

Gabor Mate het geskryf: “Safety is not the absence of threat, it is the presence of connection.”Daarom vriende is geloof om veilig te voel in God en ander se liefde en teenwoordigheid. Paulus is oortuig daarvan dat niks ons kan skei van daardie liefde van God nie. Daarom is veiligheid nie die afwesigheid van gevaar nie; dit is die liefdevolle teenwoordigheid van God.

## GELOOF IS OM TE VERTROU TERWYL EK SOEK.

Vriende, geloof is soos om iemand te leer vlieg terwyl jy vlieg. Die donker dieptes van die lewe kan ’n mens eensaam laat voel. Dit is alleen en ’n ontnugterende ervaring. Ek ken hierdie ontnugtering maar te goed. Daar was in my lewe ook al donker dieptes waar ek gevoel het dat God nêrens is nie. Tog glo ek steeds. Hoekom? Want geloof is ook om te soek. God is nie ons speelmaat of die een wie ek kan “vind en verstaan” nie. God is die geheimenis wat ons verstand te bowe gaan en daarom moet ons ook altyd vir God soek.

## WAAR SAL EK VIR GOD SOEK?

Blaise Pascal, die bekende wiskundige, het gesê: “Ek het God aanhou soek, tot Hy my gevind het.” Vriende, die wonder van ons geloof is dat God ook na ons soek. Dat God ook na ons verlang. Dat God in Christus ook ons kom opsoek het. God reik op drie maniere uit na ons toe en ons kan Hom op drie maniere vind. Erstens reik Hy uit na ons toe in die besonderse openbaring. Hy reik uit na ons en vind ons in sy Seun Christus Jesus. Dan vind ond God ook en reik Hy ook uit na ons toe in sy algemene openbaring naamlik sy skepping. Dan kan ons ook vir God sien en ervaar in mense rondom ons.

***Vriende, deel bietjie met mekaar julle gedagtes rondom week een se onderwerp. Watter vrae en opmerkings het jy. Deel dit met jou mede gelowiges en onthou dat ons almal soekend op reis is met God.***



# WEEK 2.

## EK GLO OMDAT DAAR IETS IS EN NIE NIKS NIE

Gottfried Wilhelm Leibniz sê daar is iets omdat God dit gemaak het. Oor diesefde onderwerp sê Bertrand Russel die volgende: “I should say that the universe is just there, and that is all.” Met ander woorde: “**Sommer**.”

***Deel bietjie in die groep hoe jy voel oor bogenoemde twee stellings oor die heelal en ons op die aarde.***

Ja vriende ons is verwonderd oor so baie dinge. Ons is op ’n negatiewe vlak verwonderd oor hoekom daar soveel hartseer en ellende op hierdie aarde is, maar terselfdertyd is ons ook verwonderd oor die mooi en die onbeskryflike van hierdie wêreld en heelal.

Daarom is hierdie verwondering ’n geskenk wat aan my gegee word en nie een of ander prestasie van my kant af nie.

***Lees asseblief as groep Psalm 104 en verwonder jou bietjie saam met die Psalmdigter oor die wonders van die wêreld.***

Vriende, daarom kan ek nie saam met Russel stem as hy sê alles is sommer net daar nie. Ja daar is Christene en ander gelowiges wie ontnugter is met die pyn en seer en ellende van hierdie wêreld. Dit is soms ook so in ons lewens. Maar daar is ook tye wanneer ons in verwondering staan oor die mooi en die verrassings van hierdie lewe en hierdie natuur.

Geloof is om te sê dat ek glo omdat beide ontnugtering en verwondering by my aanwesig is. **Ek glo omdat daar iets is en nie niks nie**. Selfs die hardste ateis kan nie die laasgenoemde stelling verkeerd bewys nie. **Sommer** net gaan nie vir my af nie en bevredig my nie.

***Deel bietjie met die groep jou verwondering en diepste ontnugtering oor die lewe.***

Die vraag is verder: “Is God dan goed? Die skepping is deurtrek van pyn en ellende en dit weet gelowiges ook. Ja ons is selfs dikwels met onsself ook ontnugter en daarom met geloof in God ook. As ons dood eerlik is en verder gaan, sou ons selfs kon vra: “maar bestaan God dan?”

***Wat glo jy? Deel bietjie met die groep of JY glo dat God leef en HOE weet JY dit?***

Vriende, volgens die wetenskaplikes het alles, ja alles in die wêreld ’n eerste oorsaak. Net God het nie ’n eerste oorsaak nie en is onoorsaaklik. Tog dink ek nie dat ons anders oor God, die Bron van al wat bestaan, kan dink as dat God in ’n sin die “eerste oorsaak” is nie.God is die bron van alles, die geheel en daarom is God se hand in alles.

Die vraag is dan nou of my lewe hier op aarde en die res van die lewe ’n doel het? Is daar ’n doel met alles of leef ons maar net en gaan dan dood sodat iemand anders weer kan leef om net daarna weer dood te gaan?

***Wat glo jy? Deel asseblief met die groep. Dink jy alles het ’n doel of nie. Het JY ’n doel en WAT is daardie doel?***

Vriende, indien ons praat van die doel van die heelal, moes iemand alles be-doel het. Die oomblik dat jy dit nie meer glo nie, kan jy ook nie glo dat die heelal ’n doel het nie. Hoe weet ons dat alles ’n doel het en nog meer dat ALLES ten goede sal meewerk vir die wat Hom lief het? (Rom. 8:28) Hoe weet ons dat alles ten goede sal meewerk? Ons weet dit omdat God vir ons sy Seun gegee het om teen al die pyn en ontnugtering van die lewe tog vir ons ’n einddoel en lewe te gee. Ek glo omdat die Seun vir ons sy lewe gegee het en opgestaan het uit die dood en ek glo omdat sy Gees in my en jou leef. Ontnugtering en verwondering is leidrade waarmee ek na wysheid soek, maar die Leidsman is en bly Jesus.

Daarom is daar twee woorde wat ons nie by God gaan uitbring nie, maar vir my rigtingwysers is en dit is waarvandaan en waarheen. Wanner ek en jy in Jesus lewe, weet ons waar alles begin het en waarvandaan ons is, maar ons weet ook tergelykertyd waarheen ons op pad is.

Ons wandel nie doelloos hier op aarde rond nie. Nee ons weet dat ons hier be-doel is en weet ook dat ons kan vashou na waarheen ons op pad is. Maar daarom hang ons nie net hier rond nie. Nee daarom het ons lewe sin en kan ons ander ook help om hulle lewe sinvol te maak. Ons kan die Hemel afbring aarde toe.

***Deel bietjie met die groep JOU storie. Waar het jy bewus geraak van die Een wat alles be-doel het?***

Liewe vriende, die ateis het ’n groter taak as ek en jy. Ons bely die Een wat alles be-doel het en glo en weet dit is waar alles vandaan kom. Maar iemand soos Russel kan net sê **sommer**. Hy moet belaglike antwoorde soos “sommer” gee aangesien dit onmoontlik is om te verklaar dat daar “iets is en nie niks” nie. Hoekom glo ek en jy dan? Ons glo omdat die heelal bestaan en omdat die wêreld betaan en omdat ek en jy bestaan. Maar ons glo veral omdat daar **liefde** en **hoop** bestaan. Hierdie liefde en hoop is in hierdie wêreld ingebring omdat Christus in ons wêreld kom leef het. Maar Hy het ook hier kom sterf en het ook weer hier opgestaan. So ek glo omdat daar Iets is en nie niks nie. Ek staan in verwondering omdat alles stukkend was en daar nie veel was waaroor ons ons kon bewonder nie. Maar toe kom Hy en Hy bring vir my geloof en ’n doel om te bestaan.

Ja en daarom **glo** ek omdat daar Iets is en veral Iets is en nie niks en niemand nie.

# WEEK 3.

## EK GLO OMDAT DAAR ORDE IS

*Like Baby Bear's porridge in the story of Goldilocks, the universe seems to be just right for life.* Paul Davies

Liewe vriende, in hierdie week gaan ons met mekaar stilstaan oor orde en dat ek glo omdat daar orde is. Ek gaan telkens verwys na die twee verskynsels van 'n woud waar daar geen mens by betrokke is nie en 'n plantasie waar die bome in 'n ry staan, alle onkruid word uitgeroei en die bome word gesnoei en het almal dieselfde vorm. Sou 'n mens kon sê dat die daar ook orde in die woud is, of is daar net orde in die plantasie.

***Dink jy daar is orde in beide bogenoemde voorbeelde?***

***Dink jy daar is orde in die skepping?***

***Dink jy daar is orde waar mense woon en het die lande in die wêreld ook orde?***

Vriende, ek en jy is saam met God die skepper van orde op hierdie aarde. Dit is ten diepste wat onderliggend aan elkeen van ons se werk is. Ek en jy skep een of ander vorm van orde in ons werk, sodat daar orde in die wêreld asook lewe kan wees.

Moeder Theresa het gesê dat sy die babas van Indië se stad Kolkata versorg aangesien dit haar roeping is. Hulle vra haar toe om roeping te definieer en sy het die volgende gesê: "**Dit is waar jou grootste vreugde die wêreld se grootste nood ontmoet**." Dit is jou roeping!!!! Daarom skep ek en jy orde in hierdie samelewing deur ons roeping uit te leef. Ek weet jy mag miskien dink en voel dat jy nie weet wat jou roeping is nie. Ook dat jy voel jy doen nie veel of beteken nie veel nie. Jy is egter verkeerd, want elke bietjie wat jy doen en veral vir ander doen, tel en is besig om orde te skep.

***Deel bietjie met die groep of jy 'n roeping het en ook hoe jy orde skep in hierdie wêreld.***

Vriende, ons leef elke dag binne die orde van ons werklikheid. Die son kom op en gaan weer onder, die see swel en gaan lê weer en die maan groei en taan weer. Seisoene kom en gaan. As gelowiges is ons nie net afhanklik van die skepping nie, maar die skepping en ons is weer afhanklik van God. Dit is God wat die bron is van totale

orde wat ons die heelal noem. Dit is ook God wat daardie orde dra en die heelal onderhou. Dit is God wat ons in daardie orde laat leef. Om gelowig te wees is nie om jouself afhanklik van God te maak nie; dit is om ons afhanklikheid van God te **ERKEN**.

Ons glo nie in God omdat alles perfek is nie en aangesien God alles perfek en haarfyn beplan het nie. Want die oomblik as ons daar kom, loop ons onsself vas want hoekom het God nie alles nog meer haarfyn beplan sodat daar nie ’n foutjie ingesluip het nie. Hoekom het sy hardeskyf dan ’n virus ingehad. Juis hierin lê God se grootste liefde ook. Wat is die diepste vorm van sy liefde? Dat Hy ons met ’n keuse gemaak het. Ons kon robotte gewees het wat Hom elke dag net klakkeloos gevolg het. Maar sy diepste liefde het juis daarin gelê dat Hy ons met ’n keuse gemaak het om vir Hom of teen Hom te kies. Ek en jy het gekies en kom nog elke dag voor die keuse, of ons vir God, of teen God wil kies.

Wanner God uiteindelik aan die woord kom in Job se verhaal, praat Hy oor sy skepping. Job word uitgedaag in Job 38:4: “Waar was jy toe ek die fondamente van die aarde gelê het?” God praat oor die wonders van die aarde en die orde waarmee Hy alles gemaak het.

Psalm 8:6-7 sê dat God ons net minder as ’n hemelse wese gemaak het en ons met eer en majesteit gekroon het. Dit sê verder dat God ons laat heers oor die werk van sy hande. Daarom is ek en jy elke dag handellend saam met God besig om orde te skep. Ons kry God se lewegewende orde as geskenk en binne daardie orde skep ons orde. Ons is afhanklik van die orde, maar die orde het ons ook nodig. Ons is dienaars van die orde wat dit moet bewaar sodat lewe kan floreer.

***Deel bietjie met mekaar hoedat ek en jy elke dag orde skep en orde kan skep.***

Geloof is om jouself in diens te stel van die strewe na orde wat lewe gee, ongeag die chaos of die onreg waardeur jy omring word. Ons staan in diens van God se sjalom, om vredemakers en ordeskeppers te wees, omdat ons in die God van Vrede glo.

Hierdie orde van God en die herstel van hierdie orde, kan ons die beste sien in die lewe van sy Seun, Jesus Christus. Aan die einde van Maleagi lees ons dat wanorde en chaos op aarde geheers het. Die Judaisme was bankrot en God se plan met die wêreld nl sy volk Israel het jammerlik misluk. Dan het God die volgende plan.

Sy Seun. In Christus sien ons die eintlike betekenis van hierdie orde wat God geskep het: dat God die wêreld lief het. Ons sien dit in die Een wat water in wyn verander sodat die fees kan voortgaan. Hy wat blindes laat sien en verlamdes laat loop; wat sy dissipels se voete was. Hy wat gekruisig word in die naam van menslike orde en politiek en hy wat aan die kruis sy ma en vriend aan mekaar gee in ’n nuwe soort huisgesin.

Wetenskap is een manier om orde te deurgrond. Doen jy dit goed, wen jy dalk die Nobelprys. Voetewas is ’n ander manier. Jy sal geen pryse wen daarvoor nie, maar jy sal iets beleef van die betekenis van die orde wat ons beste wetenskap jou nie kan vertel nie. Jy sal, met jou medemens se vuil voete in jou hande, die diepste logika van ons bestaan ontdek.

Ons het die aand begin deur na twee analogië te verwys. Na die woud en ’n plantasie. Ja, die woud lyk soms onordelik. Daar lê ou verrotte boomstompe rond en daar is vuilgoed wat oral ronstaan, maar daar is ’n spesifieke patroon en samehang in die woud. So is daar ook soms wanorde in plekke waar mense werk en woon, maar dit beteken nie dat daar nie lewe is nie. Ons kyk soms na hierdie wêreld en voel dat daar net wanorde is, maar daar is baie meer orde as wanorde. En die grootste orde is dat mense mekaar steeds lief het en dien en sag met mekaar werk. Hoekom, want ons het ’n God wat in Christus sag met ons kom werk het. Daarom, elke keer as jy sag met iemand anders werk en iemand anders dien, skep jy orde en bring jy God se sjalom af aarde toe. Daarom kan ek en jy nie anders as om lief te hê, voete te was en God se hemel af te bring aarde toe nie.

***Deel met mekaar praktiese maniere hoe ons God se sjalom kan afbring aarde toe.***

# WEEK 4.

## EK GLO OMDAT DAAR REG EN VERKEERD IS

Vriende, voor ons gaan dink oor wat reg en verkeerd is en die keuses wat ons maak, wil ek eers hê jy moet dink oor die keuses wat God volgens die Bybel gemaak het.

***God het gekies dat jy moet wees....***

***God het gekies om jou lief te hê....***

***God het gekies om sy Seun in jou plek te gee....***

***Die Seun het gekies om sy lewe vir jou te gee....***

***God het gekies om sy Gees oor jou uit te stort....***

***God het gekies om nou by jou te wees....***

Dit maak nie saak hoe goed of sleg jou keuses al deur die lewe was nie; kom tot rus in God se keuse wat Hy reeds lankal oor jou gemaak het.

Die vraag wat ons die week wil vra is of daar so iets is soos reg en verkeerd. Sommige mense sê daar is nie so iets nie en dat hulle self wil besluit oor wat reg en verkeerd is. Met ander woorde niemand mag aan hulle voorskryf oor wat reg en verkeerd is nie. As jy so redeneer, hou jy styf vas aan die stukkie wat sê dat JY kan onderskei tussen wat reg en verkeerd is, al is dit slegs oor wat reg en verkeerd vir JOU is.

Christopher Hitchins glo dat godsdiens mense meer selfsugtig , gemeen en onnosel maak. Daar is selfs mense wat reken geloof en godsdiens staan in die pad van goeie morele lewe. Godsdiens maak mense skynheilig en veroordelend, reken hulle.



***Stem jy saam met Hitchins. Bespreek in groep.***

Vriende, daar is net ‘n gedeelte van my wat saamstem met sommige se sienings van gelowiges. Ek het weer in die week beleef hoedat sogenaamde “Chrsitene” ’n medeleerder wat gay is in die naam van geloof baie seer gemeek het en dink dat hulle alleen die waarheid in pag het. Hulle doen dit nogal “in die naam van jesus”. Ja jy is reg, ek het hierdie jesus met ’n klein lettertjie geskryf.

***Lees assebief as groep die aaklige storie in Rigters 19.***

Almal in die storie doen “wat reg is in sy eie oë, die gasheer, die Leviet, die booswigte. Die byvrou betaal die prys daarvoor.

Hierdie afgryslike storie sê vir ons: Ons het regtig die onderskeid tussen reg en verkeerd nodig, want daarsonder word ons lewe hel op aarde en dit is meestal die weerloses wat die prys betaal.Dalk moet ons saam soek na die onderskeid tussen reg en verkeerd totdat daar ’n soort gemeenskaplike siening ontwikkel en ’n simbiose ontwikkel.

Morele wysheid vra aanvoeling en gewete en gesonde verstand en redelike nadenke en gesprek tussen mense. Al hierdie dinge speel ’n rol. Die vraag is net of dit alles saam genoeg is. Kan die mens self genoegsaam onderskei, of het ons God nodig?

Ek wil gou graag die onderskeid tref tussen ’n Bloudruketiek en ’n Verantwoordelikheidsetiek.

Eersgenoemde sê dat ek etiese besluite moet en kan maak wat vir alle tye geldig is en in alle omstandighede kan gebruik. Verantwoordelikheidsetiek sê dat jy mense help en leer en ontwikkel om verantwoordelike, etiese besluite te neem wat vir daardie omstandighede en tyd geldig is.

Ek bepleit die tweede. Hoekom? Want binne ’n Bloudruketiek gaan jy jou altyd maar altyd vasloop. Gestel jy maak die bloudruk dat aborsie altyd en in alle omstandighede verkeerd is en ten sterkste afgewys moet word. En gestel jou familielid, wie ’n Downsindroom is, word wreedaardig verkrag en is nou swanger. Wat gaan jy nou besluit?

Verder weet ons dat slawerny verkeerd is en ten sterkste afgewys moet word, maar in Filemon (Bybelboek in Nuwe Testamnet) kondoneer Paulus slawerny en wys dit glad nie af nie. Met verantwoordelikheidsetiek laat jy mense besluit wie etiese besluite kan maak en wie dit met die betrokke verantwoordelikheid kan neem.

Die vraag is egter of Geloof in God noodsaaklik is vir menslike moraliteit?

***Wat sê jy? Bespreek in groep.***

Ek is egter huiwerig om dit te sê. Ongelowiges kry dit klaarblyklik reg om morele oortuigings te hê en daarvolgens te leef. Gelowiges kry dit eweneens reg om dwase morele besluite te neem. Vir my is dit juis waar geloof in God belangrik is. Ek glo in God, daarom weet ek dat ek Hom en die Bybel nodig het omdat ek nie God is nie. Ons bly daarom soek na wat reg en verkeerd is. Ek kan nie my lewe indink los van hierdie morele onderskeiding nie. Ons het vir God nodig om etiese besluite te neem, maar daarom sien ek nie alle menslike besluite as immoreel nie. Almal oor die wêreld weet en leef dat moord, verkragting en mollestering verkeerd is en ten sterkste afgekeur moet wrod.

Maak geloof in God 'n verskil in ons pogings om tussen reg en verkeerd te onderskei. Ek glo dit maak 'n verskil, maar nie op die manier hoe party Christene dink nie. Baie gelowiges dink omdat God presies weet wat reg en verkeerd is, Hy dit ook aan ons in die Bybel gee en ons dit nou helder en duidelik in die Woord kan lees. Dan lees ek die Bybel net wetties en aangesien ek 'n fundamentalis is, weet ek ook nou wat reg en verkeerd is. Ander Christene mag die Woord nie anders as ek lees en verstaan nie, want dan is ek reg en hulle verkeerd.Ek glo nie so nie en lees ook die Bybel nie so nie. Ook gelowiges wat luister om God deur sy Woord en Gees te hoor praat, bly mense wat ten dele weet en ken.

Hier kan ek nie anders nie as om my enigste hoop te bely: dat God met groot geduld en wysheid op pad is met ons in ons verwarde en dikwels ongeduldige soeke na wysheid; dat Hy so op pad is met ons, op pad is dat Hy ons feilbare menswees nie uitskakel nie, maar juis in diens neem.

Ons sal altyd soek na wat reg en verkeerd is terwyl ons ten dele weet, maar my Hoop is in Immanuel, God met ons.

***Glo jy ons kan presies sê wat die Bybel van ons vra in alle omstandighede?***

Die droom dat die wêreld anders kan wees, die honger en dors na wat reg is, leef diep in ons harte. Hoekom het Suid-Afrika strate toe gegaan en gesê Zuma must fall? Want mense was moeg van onreg en staatskaping.

Dan duik die vraag op: As die pad na vrede toe te lank en te swaar raak, as die strewe na geregtigheid altyd minder oplewer as wat ons hoop, wat maak dat ons bly soek? Ek kan aan geen ander

antwoord as hierdie een dink nie: God het ons gemaak om te soek en God laat ons nie met rus as ons wil ophou soek nie. God het die honger en dors aan ons gegee. Om te honger en dors na wat reg is.

God het 'n antwoord gegee op ons soeke na wysheid, op ons honger na wat reg is. Die antwoord was nie 'n lys beginsels waarin reg en verkeerd tot in die fynste besonderhede uitgestippel word nie. Die antwoord was 'n Mens, Iemand in alle opsigte soos ons, maar iemand heeltemal anders as ons. Toe Hy te lastig word vir die mense wat in beheer was oor die godsdiens en die regspraak, het hulle van Hom ontslae geraak. God se wysheid in Christus is klaarblyklik nie eenvoudig nie en ook nie 'n resep wat klaar speel met ons onsekerhede nie. Daarom praat sy eerste volgelinge nie van Jesus as "die Antwoord" nie, maar eerder as die "Weg". Hy is nie 'n etiese ghoeroe nie en gee nie aan ons klinkklare antwoorde nie. Nee **HY IS DIE WEG EN DIE WAARHEID**. Ons volg Hom waar ons nie altyd weet nie.Hy loop voor en ons volg Hom. Nie met klaarverpakte morele antwoorde nie, maar deur wie Hy is.

***Deel bietjie met mekaar wie Hy vir jou is.***

# WEEK 5.

## EK GLO OMDAT DAAR GENADE IS

*The grace of God is dangerous. It's lavish, excessive, outrageous and scandalous. God's grace is ridiculously inclusive. Apparently God doesn't* ***care who He loves****. He is not very careful about the people* ***He calls His friends*** *or the people* ***He calls His Church****.*
(Mike Yaconelli)

***Bespreek bogenoemde stelling.***

Vriende, die wêreld wat God gemaak het, is groter as die wêreldjie wat jy vir jouself probeer in stand hou. Dit beteken ook jy kan bietjie asem uitblaas, jou skouers laat ontspan en sê dat daar 'n genadige God is wat nog altyd het en altyd die wêreld sal in stand hou. Hy het ook sy algemene genade uitgestort oor nasies en mense en daarom SAL die wêreld nie uitmekaar val nie en sal die goeie en die genade altyd die sleg en ellende oorwin. Daar is nog mense wat bome plant en waar daar bome geplant word, is daar tuine en waar daar tuine is, is daar genade.

Daar is egter ook 'n ander kant. Daar is 'n 'hok van staal' soos die die sosioloog Max Weber opgemerk het. Sê net vir 'n oomblik daar is nie 'n God nie en daarom is daar ook nie genade nie. Ons as mense veroorsaak baie dinge en een van die dinge wat ons met gereelde reëlmaat veroorsaak, is gemors. Dan leef ek en jy in die kousaliteit (oorsaak en gevolg) van hierdie werklikheid en dit veroorsaak verdere gemors.

Kom ek verduidelik gou. Alle mense, ja selfs die moordenaar en pedofiel is slagoffers van hierdie wêreld waarin ons leef. Ja ek het in die week baie, baie kwaad geraak vir die persoon wie van my goed van die stoep gesteel het, maar selfs hy is 'n 'slagoffer' van die armoede en swaarkry van Suid-Afrika. As ons leef in 'n wêreld waarin alles volgens die ysterwet van oorsaak en gevolg bepaal word, is dit eenvoudig: As jy my gewond het, moet jy die gevolge daarvan dra. Dan het ek of die regstelsel die reg om jou te wond. Maar 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand sal ons almal blind en tandeloos laat.

***Lees en bespreek asseblief 1 Petrus 2:18-24.***

Vriende, 'om lyding te verdra wanneer ons goed doen, is genade van God en juis hiervoor is ons geroep.' (1 Pet. 2: 20-21) Dit gaan partykeer my verstand te bowe oor hoe Christene in Suid-Afrika kan aanspraak maak dat hulle reg en regverdig behandel moet word. Ons het **GEEN** reg op regverdigheid nie, maar moet seker maak dat daar reg en regverdigheid teenoor ander uitgeoefen word. Vriende ons gaan onregverdig behandel word en daar gaan onreg aan ons gedoen word, maar om dit te verdra is genade en daarvoor is ons ook geroep. Alles is nie onderworpe aan die ysterwet van kousaliteit nie en hierdie andersheid wat ek en jy moet uitoefen, word **GENADE** genoem.

Vir my lê die 'bewys' van God se bestaan, die diepste in laasgenoemde opgesluit. Ek glo omdat EK genade nodig het en daar al soveel keer in my lewe, aan my genade betoon is.

***Vertel bietjie aan mekaar waar daar al ongelooflike genade in jou lewe, deur iemand anders aan jou betoon is.***

Ek glo omdat ek genade ervaar. Ek glo omdat ek beleef dat dit goed is om genade te bewys. **Ek glo omdat God my genadig is**.

Nou is daar twee maniere waarop ons kan dink oor hierdie genade. Ons kan dit beoefen deur moralisties te wees. Met ander woorde ek raak 'n moralis: iemand wat reken my morele kode is absoluut en laat geen ruimte vir onsekerhede nie. Dalk hang ek my moralisme die mantel van geloof om: Wat ek voorskryf, is presies wat God of die Bybel voorskryf. Dalk doen ons soms maar wat alle moraliste doen: Ek maak asof ek daarin slaag om my moralistiese voorskrifte na te kom. Ek word skynheilig. Of ek kan aan die ander kant bandeloos raak en sê dat dit nie saak maak hoe ek lewe nie, want daar sal tog altyd genade vir my wees. Vriende moralisme is liefdeloos en losbandigheid is verkeerd. Maar moralisme is nie minder immoreel as bandeloosheid nie. Die twee is naaste bloedfamilie. Nie een bring vir ons vryheid om met onsself en ander mense saam te leef nie.

Die vraag dan is: "Wat is genade?" **Genade is wanneer ek verras word, of iemand anders verras, met goedheid wat ons nie verdien nie**.

Genade is wanneer ek iemand seergemaak het of skade aangedoen het en die persoon nie alleen haarself weerhou om my terug seer te maak nie, maar selfs verder gaan en iets goeds aan my doen. **Genade is wanneer ek nie behandel word of ander behandel, volgens die ysterwet van oorsaak en gevolg nie**.

Genade ontmasker bandeloosheid as 'n leuen. Dit ontmasker ook moralisme as liefdeloos. Genade sê dat niemand daarop kan aanspraak maak dat sy net doen wat reg is nie, dat niemand kan voorgee dat hy nog nooit ander verwond het nie. Genade sê ons het niks om mee te spog nie en al wat ons kan sê is dat God se genade vry maak. **Genade is 'n werklikheid omdat God 'n werklikheid is**.

Vriende, genade is Heerlik aangesien dit van ons Heer kom.

Is genade werklik en is dit nie maar 'n mooi droom nie? Baie Christene sukkel met genade. Sukkel om te besef dat my hele menswees en my hele bestaan, is moontlik uit genade alleen. Daarom, omdat hulle sukkel om God se genade toe te eien, sukkel hulle ook om genade aan ander te betoon. Genade gaan oor vryheid en dat God dit aan ons bewys het om ook weer aan ander te gee. Maar dikwels is hierdie groot genade vir ons te groot. Die ruimte van genade is te groot en nou wil ons eerder in ons ysterhokke sit. Hoekom? Want dit voel veiliger en dit is makliker om met voorskrifte en moralistiese reëls te leef, as om met verantwoordelikheid in genade te leef. GENADE IS God se woonplek vir ons waar ons in vryheid weer kan asem haal. **Genade is HEERlik omdat dit van ons HEER kom**. (Sjoe teologie en genade is mooi).

***Lees en bespreek as groep Joh. 1:14 en 16-18.***

Johannes sê dat wie Jesus sien, sien genade. Sjoe, dit is mooi. Wat het Jesus onder andere op aarde kom doen? Hy kom wys ons God se genade op genade. Lees asseblief in jou stiltetyd 2 Kor. 3. Lees en leer hierdie gedeelte sodat jy kan getuig teenoor jou vriende of familie wie volgens wette en reëls leef en wie soms moralisties is. Vriende 2 Kor. 3: 17 sê dat waar die Gees is, is daar vryheid. Of ons kan ook sê, is daar genade. Mag jy God sien, omdat jy genade sien. (Joh. 1:18).

**Daarom glo ek, omdat ek genade sien, beleef en dit vir ander kan gee**. Ons leef in ’n ysterhok-lewe waar daar min genade is. En die oomblik dat ek genade sien en ervaar weet ek God LEEF en weet ek God is HIER. Maar die oomblik as ek moralisme en ysterhokke beleef, weet ek God is nie hier nie.

# WEEK 6.

## EK GLO OMDAT DAAR WAARHEID IS

*“En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.”*

Johannes 8:32

**Is daar iets soos die waarheid?**

Hierdie vraag word in ons tyd al hoe belangriker. Ons word oorstroom met inligting en dan is daar nog mense wie ’n lewe daarvan maak om fopnuus te versprei. Verder het my ma altyd gesê: “Soveel mense soveel menings.” Vriende, kan ons ooit alle Christene en predikers glo, want een van my professore het altyd gesê: “Elke ketter het sy letter.” Dan weet ek self ook dat elke Christen en predikant maar die Skrif met hulle eie bril op lees. So het daar by ’n geleentheid ’n gelowige uit ’n ander denominasie na my gekom en vir my gesê dat ons net moet teruggaan na die Skrif toe. My vraag aan hom was toe: “Na wie se interpretasie van die Skrif?”  En om ons nou lekker deurmekaar te maak kan ons nog vra: “ Maar wat is waarheid?”

***Is daar so iets soos waarheid en dink jy mens kan die waarheid bepaal?***

Vriende, hierdie is nie so ’n maklike aangeleentheid nie. As ek en jy byvoorbeeld glo dat die aarde rond is en nie plat nie, glo jy dit op grond van waarnemings wat ander gemaak het, en nie wat jy self vasgestel het nie. As jy byvoorbeeld glo dat jy ’n brein het, is dit ook gebasseer op afleidings en waarnemings wat ander gemaak het, want jy het nog nooit jou eie brein gesien nie. So moes Pilatus ook sekere afleidings oor Jesus maak in Johannes 18:38 aangesien hy nie vir Jesus geken het nie. En wie glo hy nou? Glo hy die godsdiensleiers, of die skare of glo hy sy eie afleiding wat hy van Jesus gemaak het. Dikwels glo ons die maghebbers of die een met die meeste kennis oor die onderwerp, maar ons weet steeds nie of ons die waarheid in pag het nie. Ons kan egter nie sonder die waarheid leef nie en daarom is mense konstant op soek na die waarheid.

### *Is die Bybel waar en kan jy alles glo wat die Bybel vir ons sê?*

Vriende, dit is baie gevaarlik om daarop te roem dat jy alleen alle waarheid in pag het. Iemand wat reken dat dat hy alleen oor die waarheid beskik, kan besluit dat hy almal wat anders dink as hy, gaan vernietig. (Dink aan iemand soos Hitler). Maar aan die ander kant: Waar sou ons wees sonder individue soos Mandela en Ghandi en Christus, wat bereid is om teen gevestigde belange en ou tradisies en maghebbers op te staan. Wat dit verder kompliseer is die oomblik dat ons sê dat daar 'n hoër waarheid is. Daar kan dan individue wees wat beweer dat hulle en hulle alleen daardie waarheid in pag het. Hoe sal ons weet of hulle reg is? Ons het hierdie al so baie gesien wanneer mense bv. glo dat 'n kultusleier die 'waarheid' in pag het en 'hy alleen.'

### *Kan jy dan Jesus glo as Hy sê dat Hy die weg en die waarheid is? Joh. 14:6.*

Ek glo dat daar 'n hoër waarheid is as die harde werklikheid waarmee Jesus se teenstanders werk, maar ek self het nie daardie waarheid nie en is nie daardie waarheid nie. Vir my is die enigste opsie wat oorbly, om die aanspraak wat Jesus maak, te oorweeg: **dat Jesus die waarheid is**.

Maar hoe sal ons dit doen? Kan ek en jy die aanspraak uit een of ander neutrale posisie probeer oorweeg? Nee, jy kan nie en dit is juis die probleem waarmee so baie wetenskaplikes en ongelowiges sit.

Uiteindelik, dink ek, is daar net een manier om Jesus se aanspraak te toets, en dit is deur Jesus te leer ken. Die waarheid is nie 'n klompie feite waarvan ek moet kennis neem nie, hoe belangrik kennis ook al is. Die waarheid waarvan Jesus praat, is die waarheid van 'n totale lewensoriëntasie. Die hart van hierdie waarheid is dat God die wêreld lief het, dat Jesus hierdie liefde vir ons kom leef het. Jy kan hierdie waarheid net leer ken deur dit te leef. Daarom sê Jesus dat Hy die weg **en** die waarheid is. Jy kan nie die Jesus-waarheid ken sonder om die Jesus-weg te loop nie. Jy spring nie net die donkerte in nie, nee jy loop die pad tree vir tree en leer **KEN** so die **WEG** en die **WAARHEID**.

***Maak bogenoemde vir jou sin? Bespreek dit met mekaar of dit sin maak of nie.***

**Vriende, wat beteken bogenoemde nou vir my en jou?**

Ek is 'n Christen, nie omdat ek dink Christene is beter as ander mense nie (ons is nie), ook nie omdat ek dink die Chritelike godsdiens is beter as ander godsdienste nie (dit is nie), of die kerk is beter as ander instellings of organisasies nie (dit is nie), **maar omdat ek glo dat Christus die waarheid is**. Die waarheid in Jesus is altyd groter as my verstaan daarvan en ook my uitleef daarvan. Wat ek hiermee bedoel is dat ons omdat ons in Jesus glo, onsself nie beter kan ag as ander of dat ons die volle waarheid in pag het nie. Nee Christus is die weg en die waarheid en nie ek of my geloof in Hom nie. Ons is nie nou klein godjies wat alles weet en oor almal kan heers nie. Nee ons maak soos die groot Voetewasser en dien ander in nederigheid en met die voorveronderstelling dat ons altyd ten dele sal weet en altyd ten dele sal wees soos Jesus. Die woordjie "lei" sê vir my dat ons nog op pad is, dat ons nog soekend is na die waarheid, dat die waarheid altyd voor ons lê as bestemming en nooit as ons besit nie.

Wanneer Jesus sê dat Hy die waarheid is, dan sê Hy daarmee dat die liefde hoër is as ons godsdienstige sisteme, hoër is as ons politieke magspeletjies en hoër is as alles. Die hoër waarheid, die waarheid waaraan ons ander waarhede meet, die hoër waarheid is die eenvoudige waarheid: **GOD IS LIEFDE. En wie in die liefde bly, bly in God, en God bly in hom/haar.** (1 Joh. 4:16).

***Verstaan jy nou hoekom die genade en die liefde van Christus die kern van die Bybel is?***

Die vraag waarmee ons die week wil afsluit, is die vraag: "Is die Bybel betroubaar?" Want ons haal die hele tyd die Bybel aan. Die Bybel is vir my betroubaar as die Boek waardeur ons ingetrek word in 'n gesprek waarin die waarheid gesoek word- die waarheid wat in Christus is, die waarheid waarop ons ons lewe kan bou. Ek glo dat God in en deur die gesperek aan die Woord kom in ons lewe.. Dit gee ons nie die reg om op 'n troontjie te sit waar ons reg en almal om ons verkeerd is nie. **Dit gee ons eerder 'n doek om die middel en 'n skottel water waarmee ons moeë voete kan was**.

***Verstaan jy nou hoekom die ‘wêreld’ soms so kwaad is vir die kerk? Bespreek.***

# WEEK 7.

## EK GLO OMDAT DAAR SKOONHEID IS

Ek weet nie wat vir jou mooi is nie, maar ek hoop dat skoonheid al jou asem weg geslaan het. Vriende, en hierdie skoonheid hoef nie noodwendig iets in die natuur te wees nie. Dit kan 'n gebeurtenis wees of 'n mooi musiekaand of iets spesiaals wat jy vir ewig en ewig sal onthou. Drie sulke gebeirtenisse kom sommer skierlik by my op. Die een was toe ek die eerste keer my kinders se gesiggies kon sien tydens hulle geboortes. Die ander een was toe ek my oë oopgemaak het in een van die mooiste kerke in die wêreld naamlik St. Peter's daar in Rome en die derde was toe Neil Diamond op 11 April 2011 sy verskyning gemaak het daar op Kaapstad stadion. Ja, daar is nog vele sulke momente en baie plekke in die natuur, maar die oomblikke van die lewe en die skoonheid van die lewe het my nog altyd aan God en die goedheid van die lewe laat glo.

***Vertel bietjie in die groep van drie geleenthede waar jou asem deur skoonheid weggeslaan is.***

Dit is so dat 'n mens se ervaring van skoonheid gevorm word deur die tyd en plek waarin jy leef en deur jou eie aanvoeling en manier van kyk. Ons eie idee van skoonheid kan ook soms wreed wees. Dink net aan hoe ideale van skoonheid kan maak dat mense hulleself haat omdat hulle nie maer genoeg, jonk genoeg, mooi genoeg of welvarend genoeg lyk nie. Wat is ware skoonheid dan? Ek sal nooit vergeet nie hoe ek eendag 'n uitlating gemaak het oor 'n sekere Mej. Suid-Afrika wie nie die mooiste was nie. Na die uitlating het 'n meisie agter die geldregister aan my gesê dat sy vir haar gemeenskap en mense, wie soos sy lyk, die mooste persoon in Suid-Afrika is. As ek vandag terugdink was sy so reg en was ek so verkeerd.

***Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi.***

***Psalm 16:6.***

Vriende, sien jy nog elke dag die mooi om jou raak en is jy bewus daarvan dat die 'meetsnoere' ook vir jou in lieflike plekke geval het.

Jy leef net een keer. Is jy elke dag bewus van God se goedheid in jou lewe? Is jy bewus daarvan dat jy ongelooflik bevoorreg is? Is jy bewus daarvan dat die Here se goedheid en guns jou daagliks uitsnuffel. (Vgl. Psalm 23)

***Vertel bietjie aan die groep van God se goedheid in jou lewe.***

Ek en jy wil altyd iets van die skoonheid in ons lewe probeer vashou en onthou. Ek is so bang dat ek nie die "Swakopmund in my Lewe" vir altyd in my lewe by my sal hê nie. Die Swakopmund waarvan die Bosveldklong sing. Dit is soms of ons die momente wil vasvang, in ons sak wil sit en dit daar vir ewig wil koester. Skoonheid laat my op 'n manier groot voel, sonder dat ek grootkop kry, want dit laat my voel dat ek tuishoort in 'n werklikheid wat groter en wonderliker is as wat ek kan dink. Skoonheid laat my klein voel, sonder om my te verneder, want dit laat my besef dat daardie werklikheid nie om my draai nie, dat ek nie die middelpunt is van my wêreldjie nie. **Skoonheid is vryheid, skoonheid is vreugde en skoonheid is vir my 'n wegwyser na die Een wie skoonheid aan my gee en gun**.

***Vertel bietjie aan mekaar waar is jou Swakopmund waarvan die Bosveldklong sing.***

Dit gebeur ook soms dat ons dinge begeer wat ons nie kan kry nie. Ons verlang na plekke waar ons nie kan wees nie. Sulke skoonheid en begeertes beroof 'n mens van vrede en dit maak jou ontevrede. Ontevrede met dit wat jy reeds het. Jy en ek verlang na iets beter of blinker en dit laat ons ontevrede met ons vaal en saai bestaan. En sosiale media en selfone het dit nie vir ons makliker gemaak nie. Trouens dit dompel soms ons mooi bestaan in 'n vuurpoel. Wanneer gaan ons kom by die punt waar ek sal sê: "Ek het genoeg en ek is genoeg?" En ek sê nie jy is nie by laasgenoemde punt nie, maar ons is dikwels nie bly en opgewonde oor wat ons het en wie ons is nie.

Wat is blywende skoonheid dan? Hoekom het (so vertel die mense) Moeder Teresa met 'n glimlag op haar gesig gesterf en hoekom het Desmond Tutu tot op sy sterfbed uit sy maag uit gelag? Ek dink Psalm 37:4 gee vir ons die antwoord.

Gaan dit in Psalm 37:4 dat ons net ons vreugde in God miet vind en dan kan ons Hom manipuleer vir alles wat ons hart begeer? Dit is ’n groot mistasting. Vreugde in die Here beteken dat jy jou hoogste skoonheid in God vind. Jy leer om God en sy Heerlikheid en wie Hy is, bo alles te waardeer. Dit verander al jou ander begeertes.Omdat jy die skoonheid van die Skepper ontdak, raak jy opnuut verlief op die skoonheid van die skepping. Jy proe die goedheid van God in die goeie dinge van sy skepping.  En dan, dan sien jy die mooiste van die mooiste raak. **Jy sien die Seun van God**. Jy ervaar God se skoonheid en liefde en genade in sy Seun Jesus Christus. As die Heerlikheid van God in die gebroke Jesus is, dwing dit ons om anders te leer kyk, om skoonheid raak te sien waar ons dit nie sou verwag nie. Ons leer ook om deur die oppervlakkige en verganklike skoonheid waarmee ons mekaar dikwels probeer beindruk, te sien.

Dit is hoekom Paulus sê dat ons ‘die vlees met sy hartstogte en begeertes gekruisig” het (Gal.5:24). Die vlees is ek wat uit myself, deur myself, vir myself probeer leef sodat alles draai om wat ek begeer, wat ek mooi vind. Daardie “ek” is gekruisig in Christus.

***Vertel aan mekaar wie het nog vir jou die meeste aan Chritus herinner. Persoon of geleentheid.***

Ek glo omdat daar skoonheid is. Ek glo omdat Hy die grootste Skoonheid is wat ek nog ooit ervaar of van gehoor het.

**Hy verander gewone water in ongelooflike wyn....**

**Hy gee weer aan vroue hulle plek op aarde en in sy Koninkryk...**

**Hy gee weer aan kindertjies ’n plek in hierdie wrede wêreld....**

**Hy gee aan gewone mense ’n doel op aarde.....**

**Hy kom maak ons vry van wette en moralisme....**

**Hy gee aan duisende honger mense brood, asook die Brood...**

**Hy gee aan ’n stukkende ma langs die kruis ’n huis...**

**Hy laat my en jou vry uit ons ysterhokke.....**

**Die man aan die middelkruis het gesê ek kan kom....ook ek en jy.**

## EK GLO OMDAT DAAR SKOONHEID IS.  SKOONHEID IN DIE SEUN VAN DIE MENS.